




## YSBREKERS

**Wat doen jy vir pret?**
Bergfietsry.

**Wat lees jy nou?**
*The Art and Science of Success* deur Edward de Bono.

**Hoe balanseer jy jou twee portefeuljes?**
As jy passievol oor iets is, sal jy eenvoudig tyd kry daarvoor. Ek het 'n passie vir die bedryf en as jy sterk glo in iets, is dit soveel makliker.

**Met wie – lewend of dood – sal jy graag wil gaan eet?**
Richard Branson.

**As jy in die dodesel is, wat sal jou laaste ete wees?**
Vis en slaai.

van meer as 'n miljoen testamente. Hy is ook verantwoordelik vir meer as 16 000 trusts met bates van meer as R3,6 miljard onder bestuur, drie boedeltakke wat meer as 3 500 bestorwe boedels beredder en 243 personeellede.

Oor die aanstelling van eksekuteurs en hul gelde sê Gibson daar is verskeie wanopvattings onder die publiek en Fisa wil dit regstel deur deurlopend inligting op sy webwerf en in die media te publiseer.

Eerstens is die publiek onkundig oor die belangrike en ingewikkelde rol wat 'n eksekuteur speel. 'n Individu kan sekerlik in sy laaste testament 'n vriend of familielid as eksekuteur aanstel wat dan weer 'n professionele eksekuteur kan nader om as sy agent op te tree.

Gibson sê: "As gevolg van die trauma wat gesinne by die dood van 'n geliefde deurmaak, is dit dikwels verkieslik om 'n professionele eksekuteur aan te stel wie se optrede deur die wet op die beredderring van bestorwe boedels beheer word. Ingevolge die wet moet 'n eksekuteur aan sekere vereistes voldoen."

Tweedens moet mense kennis neem van eksekuteursgelde en, indien nodig, met die eksekuteur daaroor onderhandel. Die aanbevole tarief kragtens die wet op die beredderring van bestorwe boedels is tans 3,5% plus belasting op toegevoegde waarde (BTW) op bates en 6% plus BTW op enige inkomste wat namens die boedel ingevorder word.

Gibson sê dié gelde kan met die beoogde eksekuteur bespreek word en moet in jou testament uiteengesit word. Afgesien van dié statutêr aanbevole gelde is daar geen vaste tariewe in die bedryf nie. Party maatskappye stel 'n testament gratis op met die verwagting dat hy eksekuteursgelde sal kry wanneer die testateur sterf.

Onder Gibson se leiding en betrokkenheid het Fisa sy lidmaatskap verbreed om enige praktisyn met 'n fidusiêre verantwoordelikheid in te sluit, soos prokureurs en rekenmeesters wat met boedelbeplanning en die opstel van testamente gemoeid is. "Deur dié praktisyns in te sluit, reken Fisa hy kan help om vaardighede aan die breër bedryf oor te dra en hoë etiese standaarde te stel en te handhaaf," sê hy. "Verder werk Fisa nou saam met die regering om te help om onnodige lomp wetgewing te verminder en baie prosesse te stroomlyn, veral in die kantoor van die meester van die hooggeregshof."

Die publiek wat met 'n lid van Fisa te doen kry, kan gerus wees dat die praktisyn aan streng minimum standaarde voldoen met betrekking tot fidusiêre bekwaamheid asook integriteit en eerlikheid. So 'n lid het ook die nodige administratiewe stelsels om 'n professionele diens te kan lewer.

Gibson sê hoewel die getalle nog te klein is om 'n voltydse Fisa-kantoor in te stel, is hulle besig om openbare bewustheid te skep met 'n ten volle funksionerende webwerf en verskeie media-inisiatiewe.

"Ons wil 'n vrye vloei van inligting skep en seker maak dat enigiemand Fisa kan nader met navrae en dat ons hulle dan na die regte persoon kan verwys. Een van ons vernaamste oogmerke is om te verseker dat die publiek weet dat daar so 'n organisasie is. Inligting is belangrik."

Fisa het 'n voltydse skakelbeampte aangestel en is besig om sy beeld te verander.

RUAN JOOSTE
*ruanj@finweek.co.za*